**HISTORIESE AGTERGROND GESKIEDENIS VAN DIE SANDOW FAMILIE**

Die woord Sandow beteken “Die naam van 'n plek”, of kortliks “'n Pleknaam”.

Die stamvader van al die Sandows in Suid-Afrika was Christian Freidrich Sandow.
Hy was gebore te Warthe, Potsdam, Duitsland op 6 Maart 1921 en was getroud met Albertine Wilhelmine Fredericke Schulz, gebore op 21 Desember 1822 te Golzow, Potsdam, Duitsland.
Die plek waar hulle getroud is, is nie bekend nie, maar vermoedelik in Potsdam, hul albei se geboortedorp, en die datum van hul huwelik, volgens statistiek, 1844 of 1845.
Die egpaar was albei lidmate van die Baptiste Kerk in Duitsland, en albei is ook in die Baptiste Kerk aldaar gedoop.
Christian Freidrich was gedoop op 1 Julie 1857 te Warther, Duitsland en sy eggenote is gedoop op 10 Julie 1858 te Templiner, Duitsland.
Hy was 'n visserman van beroep en sy vrou, sover bekend, ' n huisvrou.

Die egpaar met hul vyf kinders het op 30 September 1858 hul geboorteland verlaat en na Suid-Afrika ge-emigreer. Hulle was vergesel van hul kinders naamlik Otto- 11 jaar oud, Carl- 9 jaar oud, Emilie- 8 jaar oud, Auguste- 6 jaar oud en Hermann- 2 jaar oud.
Die gesin het deel uitgemaak van 'n groep van 1600 Duitse Immigrante wat in 1858-1859 na Suid-Afrika ge-emigreer het.
Voor hulle koms was daar verskeie groepe Duitse Immigrante wat gedurende 1856-1857 na Suid-Afrika ge-emigreer het, en hulle het bekend gestaan het as die Britse Duitse Legioen of Die Duitse Militêre Setlaars.
Hierdie groep immigrante of Militêre Setlaars was gevestig in die gebied wat bekend gestaan het as die Britse Kaffraria en was geleë in die pragtige natuurskone en ryk bedeelde Fauna en Flora area wat geleë is tussen die westelike bank van die Keiskama en Kei -riviere in die Ooste en die Indiese Oseaan en die Amatola berge. Sien die kaart wat die Britse Kaffraria area waar die Duitse vestiging plaasgevind het, aantoon - elders in hierdie lêer.
Hul geledere het hoofsaaklik bestaan uit teruggekeerde soldate wat deur die Britse Regering gewerf was om in die Krim-oorlog saam met onder andere Engeland en Frankryk as geallieerdes teen Rusland te veg. 'n Verwoede geveg het plaasgevind by 'n plek naby die Swart See waar die geallieerdes besig was om die geveg te verloor. Versterkings was dringend nodig en dit het gelei daartoe dat 'n beroep op Duitsland gedoen is vir ondersteuning Duitsland het sonder huiwering gereageer deur 'n Duitse vrywillige kontingent (afdeling) onder Generaal von Stutterheim na die gevegsarea te stuur. Nog voordat hierdie manne die oorlogsgebied bereik het, is die oorlog beëindig en nou het hulle die verantwoordelikheid van Engeland geword. Engeland moes nou oor hul lot beskik. Die vraag was wat gaan nou van hul word? Lord Panmure, die Sekretaris van Oorloë in Engeland, het voorgestel dat hulle moontlik as militêre setlaars na Suid-Afrika kom. Sir George Grey, Goewerneur van die Kaap, het die voorstel verwelkom, maar op die uitdruklike voorwaarde dat die manne eers trou en as getroudes kom, en vergesel word deur hul vrouens en kinders. Gevolglik het massas huwelike in Engeland plaasgevind voordat hulle vetrek het. Teleurstellend is dat van die beloofde 8000 man slegs 2362 oorgehaal kon word om na Suid-Afrika te kom, en net 362 vroue en 195 kinders het hulle eggenotes vergesel. Omdat almal nie getroud was nie, het dit 'n verdere probleem vir Sir George Grey aan die Kaap geskep.
Hierdie Militêre Setlaars se hooftaak was om die Kolonie se Oosgrens te beskerm en te veg in die baie oorloë wat deur swart stamme, hoofsaaklik die Xhosas en Tembustamme, teen die blankes geloods is en om die vrede te bewaar en stabiliteit te verseker.
Die skema het misluk as gevolg van verskeie faktore. Die grootste faktor was die uitbreek van die Indiër Muitery in Indië. Sir George Grey het alle hulp aan Indië aangebied en 1058 Offisiere en manskappe het vrywilliglik aangebied om in Indië te gaan help. Van die wat teruggekeer het, het slegs 43 teruggekeer na hul basisse in Suid-Afrika. Nog 343 is ontslaan en het uitgewyk na ander dele van die land. Baie van die Legioenarisse het geen toekoms in hul diensvoorwaardes gesien

nie en het uit die Legioen gedros. Ander weer het die Legioen verlaat omdat toestande onstabiel was en omdat so baie van hulle nog ongetroud was, het hul na voltooiing van hul diens-verpligtinge, weggegaan met die oog daarop om 'n huweliksmaat te vind.
Die oorblywende Legioenarisse is op 1 Februarie 1861 afbetaal en sodoende het die Legion aan sy einde gekom.
Om die situasie reg te stel het Sir George Grey onmiddelik greël dat 'n ander groep Duitse families na Suid-Afrika emigreer en dit is hierdie groep Duitse Immigrante wat in 1858-1859, waaronder die Sandow voorsate, na Suid-Afrika gekom het
Die Britse Duitse Legion was reeds baie onstabiel, en dit het vir Sir George Grey geblyk dat hy met groot sukses in elke Duitse nedesettingkie of dorpie 'n aantal Duitse families kan vestig om die grond te bewerk. Volgens hom sou die oorblywende Duitse Militêre Setlaars die nuwe Duitse Immigrante baie vriendelik ontvang, huisvesting aanbied en hul tuis laat voel.
Sir George Grey se voorstel was om 2000 immigrante per jaar vir twee jaar in te bring. Die tekort aan huweliksmaats vir die ongetroude Legionarisse sou steeds onopgelos bly.

Die Sandow-gesin vertrek vanaf Hamburg, Duitsland op 30 September 1858 per skip by name die Peter Godeffroy van 350 ton, en land in Oos-Londen op 19 Januarie 1859. Die skeepskaptein was kaptein J Johannsen en die skeepsdokter was Dr C Besig. In Totaal was daar 54 Duitse families of 275 siele aan boord, wat die reis meegemaak het. Vyf kinders het op die reis gesterf In totaal het daar 2145 Duitse immigrante gedurende 1858 en 1859 na Suid-Afrika ge-emigreer.

Hierdie Sandow-familie is die enigste wat ooit na Suid-Afrika ge-emigreer het, en derhalwe is alle Sandows in Suid-Afrika afstammelinge van hierdie enkele gesin.
Die Sandow gesin het hulle gaan vestig by een van die Suid-Afrikaanse Duitse Nedersettingkies, Braunsweich, naby King Williamstown, in die Kaapprovinsie.
Die destydse Kaapse regering het klein stukkies grond naby King Williamstown in die nedersettinkies wat reeds deur die Britse Duitse Setlaars gestig is, aan die Duitse immigrante van 1858-1859 beskikbaar gestel wat hulle kon aankoop en afbetaal.
Die name wat reeds aan die dorpies in die omgewing by King Williamstown gegee is deur die Britse Duitse Legioenarisse is eg Duits, en ontleen aan Duitse geboortedorpe of plekke waarmee hulle in Duitsland geassosieer was. Baie van die plekkies bestaan nog, dog erg verwaarloos. Plek-plek is daar nog net bouvalle oor, soos bevestig deur 'n nasaat-inwoner van King Williamstown, Mnr Gordon Sandow, met wie daar telefonies geskakel was op 25 Mei 2007. Die klein nedersettingkies of dorpies se Duitse name sluit in Braunsweigh, Breidbach, Langhein, Potsdam, Panmure, Hamburg, Frankfort, Berlin, Keiskama,, Hannover en andere.

Die Duitse immigrante van 1858-1859 het in verskillende groepe en op verskillende tye in Suid-Afrika aangekom. Almal was, soos reeds genoem, gevestig in die bogenoemde verskillende klein nedersettinkies rondom King Williamstown, terwyl enkele gesinne in Oos-Londen en elders in die land gaan vestig het.
Soos vermeld kon grond in die vorm van kleinhoewes by die destydse Kaapse Regering gekoop word. Die hoewes was baie klein, slegs 'n paar akkers groot, soos hieronder beskryf, waarop kwalik 'n bestaan gemaak kon word.
Die redes vir die koms van die Duitse immigrante word breedvoerig in die publikasie “Duitsers in Kaffraria 1858-1859” uiteengesit. Die skrywers van hierdie boekie was Eerwaarde Dr J F Schwär en Eerwaarde B E Pape.
Die prys van die grond was een pond per akker, en die belofte was dat dit goeie landbougrond sou wees. 'n Getroude egpaar was geregtig op 20 akkers en 'n ongetroude man op 10 akkers. Addisioneel sou daar 5 akkers toegestaan word vir elke kind in die gesin ouer as veertien jaar en 3 akkers per kind bo 10 jaar. Die ouderdomsperk vir ouerpare om te kwalifiseer moes oor die algemeen nie die vyftig-jarige perk oorskry nie.
Die koste van hul passaat na Suid-Afrika moes deur hulself betaal word, en soos genoem, ook die

grond wat hul aangekoop het. Die totale koste hiervan moes soos volg na hul aankoms afbetaal word : Een-vyfde van die totale koste na 4 jaar, een-vyfde na 5 jaar, een-vyfde na ses jaar en een-vyfde na die agste jaar. Afbetaling was rentevry en grondtitels was gratis uitgereik.

Om 'n bestaan te kon maak op hierdie klein stukkies grond was uiters moeilik en byna onmoontlik. Man, vrou en kinders moes swoeg en sweet om met self vervaardigde landbou implemente, soos kruiwaens, pikke, grawe en ander gereedskap, aan die lewe te bly
Voorbeelde van hierdie selfvervaardigde werktuie is nog in die museum te King Williamstown te sien.
Plaasprodukte en groente was met tuisgemaakte hout kruiwaens, of op die rug, na die King Williamstownse mark vervoer waar dit verkoop kon word. Die immigrante het gebuk gegaan en gely onder armoede, ontberinge en swaarkry, dog hulle het die wil en moed gehad om uit te hou en gehoop op beter tye. Baie gesinne kon egter nie oorleef nie en die mans moes uiteindelik uitspring en elders 'n heenkome gaan soek as wamakers, grofsmede ens.

Wat kerkverband betref was daar onder die totale 2145 Duitse immigrante, waaronder die Sandows getel het, slegs vyf persone wat aan die Baptiste Kerk in Duitsland behoort het. Hulle was by name Carsten Langhein en sy vrou Dorothea, Carl Gustav Adolph Schmidt en sy vrou Christine en Mnr Christian Freidrich Sandow. Genoemde immigrante het nie as 'n groep saam geemigreer nie, was ook nie van dieselfde plekke in Duitsland afkomstig nie, en het op verkillende van die genoemde nedersettingkies gaan vestig.
Carsten Langhein het bv in Frankfort gaan bly waar hy sy boerdery bedrywighede begin het, en waar hy ook as prediker van die Evangelie opgetreë het. Hy was 'n lang man en het die bynaam van “der lange Herrgott” (the long Lord God) verwerf.
Op 15 April 1861, drie jaar na hul aankoms, vergader die egpaar Langhein, die egpaar Schmidt en Mnr Christian Freidrich Sandow met die doel om 'n Duitse Baptiste kerk te stig Tydens hierdie vergadering word Langhein as ouderling van die nuwe kerk aangewys. 'n Gemeenskapsdiens volg.
Namate die kerk in getalle gegroei het, is daar begin om kontak te maak met die engels sprekende Baptiste dwarsdeur die land.
Langhein word deur Eerw. Alexander Hay van Grahamstad bevestig as predikant van die Duitse Baptiste kerk. Teen die einde van daardie jaar het die kerk reeds 61 gemeentelede gehad.
Omdat die area wyd verspreid was, kon Ds Langhein nie al die kerklike aktiwiteite behartig nie en vroeg in 1862 is Mnre Sandow van Braunsweigch, Schmidt van Berlin en J Kraemer van Hannover, aangestel om hom te help met die prediking, doop van lidmate en die bediening van die sakrament. As leke-predikers moes hulle by gebrek aan voertuie of perde, lang afstande te voet aflê ten einde hulle kerklike pligte na te kom. Kerklike vergaderings is by huise van volgelinge of in die ope gehou
Die kerk het nog nie 'n naam gehad nie en die volgelinge van Langhein het splintergroepe gevorm en die kerk verskeie benaminge gegee wat onder andere die volgende insluit : Evangeliese Baptiste, Christene in Frankfort, Evangeliese Kerk van Baptiste, Gelowiges in Afrika en die Kerk van Duitse Baptiste Gelowiges.
In 1867 word die Kerk van Gedoopte Gelowiges in Britse Kaffraria gestig wat alle splintergroepe ingesluit het.
Die nuwe kerkbeweging het baie gou probleme begin ondervind met talle informele geestelike leiers wat begin wegbreek het en hul eie volgelinge gehad het. Dit het gelei tot onenigheid en tweedrag in kerklike geledere.
Langhein het sy alles vir die Baptiste Kerk gegee, maar omdat hy nie 'n opgeleide predikant was nie, kon hy die situasie nie hanteer nie.
Chaotiese toestande het die oorhand begin kry. Ten spyte hiervan het die Duitse Baptiste nogtans Langhein se werk baie sterk waardeer.
Langhein kom te sterwe op 1 Oktober 1882. 'n Gedenkteken is vir hom opgerig in die kerk in Frankfort. Op sy graf is 'n gedenksteen aangebring en die graf is rondom versier met 'n staal

omheining.
Ten einde die groter dreigende kerklike chaos die hoof te bied, is die wens al hoe meer uitgespreek dat 'n opgeleide predikant beroep word wat die kerklike aktiwiteite kan hanteer en beheer.

In hierdie verband word daar aan Mnr Johann Gerhard Oncken, leier van die Baptiste beweging in Duitsland, 'n skrywe gerig met die versoek dat hy 'n geskikte kandidaat vir die taak vind. Hy kon nie onmiddelik daarin slaag en behulpsaam wees nie, waarna daar 'n tweede versoek aan hom gerig word. Sy antwoord hierop was dat “goeie manne groei nie aan appelbome nie” en dat die Baptiste in Suid-Afrika moet wag totdat 'n geskikte kandidaat gevind word
Gedurende 1867 berig Mnr Oncken dat hy die ideale kandidaat vir die taak gevind het, 'n baie talentvolle jong man by name Carl Hugo Gutsche, gebore in Delitzch in die provinsie Saxony in Duitsland. Hierdie jong man was goed geleerd en ondermeer ook opleiding as apteker ontvang.
Origens het hy vir 18 maande lank onder Oncken se vleuels gewerk.
Gedurende September van dieselfde jaar, 1867, tree Gutsche in die huwelik op die eiland Heligoland met Me May Lange, 'n baie begaafde en goed geletterde dame. Hy word in dieselfde maand in Duitsland bevestig as predikant, en die egpaar vertrek gedurende Oktober 1867 per skip by name die Celt, na Suid-Afrika. By hul aankoms in Suid-Afrika het niemand aanvanklik geweet waarheen die egpaar moes gaan of waar hulle hulle moes gaan vestig nie
Na twee weke se vertoef in Port Elizabeth, verwitting Mnr Oscar Donian, wie ook 'n leierrol gespeel het in die soeke na 'n opgeleide predikant, per telegram vir Gutsche om per poskar na Grahamstad te gaan, alwaar die egpaar op 7 Desember 1867 arriveer.
Alhier het hy en sy vrou vir Eerw. Alexander Hay Van Grahamstad ontmoet, en 'n lewenslange vriendskap is tussen hulle opgebou.
Hugo Gutsche het 'n deeglike kennis van die bybel gehad. Hy was hardwerkend en het 'n diepe belangstelling in die geestelike gehad en bowenal was hy 'n vurige spreker.
Onmiddelik het Gutsche kennis gemaak met die kerklike en geestelike probleme wat op hom wag.
Sy eerste groot taak was om die verkrummelde Baptiste kerke te herorganiseer Vir hierdie doel moes hy die areas Braunsweigh, Oos-Londen, Frankfort, Breodbach, Hanover, Stutterheim en Bodiam in die omgewing besoek
Elf dae na sy aankoms, op 18 Desember 1867, is 'n algemene vergadering gehou en Die Kerk van Gedoopte Gelowiges word gestig. Die kwessie van waar Gutsche-hulle moes gaan woon moes eers opgelos word. Sommige gemeentelede het voorkeur verleen aan Breidbach omdat daar reeds 'n kerk was. Ander het weer van die ander dorpies voorgestel, maar die meerderheid het uiteindelik op King Williamstown besluit omdat dit sentraal geleë was en gemaklik binne die bereik van almal was. Die predikant se salaris was vasgestel op 150 pond waaruit hy huishuur en reiskoste self moes betaal.
'n Boer van die plaas Witkop naby Burghersdorp, ene Jacobus Daniel Odendaal, het gehoor van Ds Gutsche se koms en maak kontak met die Duitse Baptiste rondom King Williamstown. Hy word die eerste persoon wat deur Ds Gutsche te Frankfort gedoop word. Hierdie gebeurtenis was baie belangrik vir die Baptiste Kerk in Suid-Afrika, aangesien Mnr Odendaal die pionier van die Afrikaanse Baptiste se werksaamhede in die land geword het. Hy is in 1875 as ouderling in die afrikaanse Baptiste kerk bevestig.
Gutsche het die Duitse Baptiste in Suid-Afrika vir 50 jaar lank bedien, waarna hy'vir n paar jaar lank as afgetredene deurgebring het en kom te sterwe te King Willimastown op 12 Junie 1926.
Die Baptiste Kerk was gekenmerk deur 'n purenteinse karakter wat baie kerklike kwellinge aangespreek het. Nie-bywoning van dienste, laat vir kerkvergaderings, haastig huistoe na dienste, kaartspel, rook na eredienste en nog meer, is heftig afgekeur. Lidmate wat hulself skuldig gemaak het aan luidrugtigheid en feestelikhede na begrafnisse is onder sensuur geplaas, selfmoordpogings, insolvensie, werk in kroeë, huwelike met nie-gelowiges, kwaadspraak rondom die kerk ens , is ook swaar gestraf.
Baie gemeentelede is dus uit die kerk geskors vir een of ander oortreding.
Gemeentelede was baie arm en fondse vir die kerk moeilik bekombaar. Om kerkboeke te kon

aankoop moes gemeentelede aartappels aanplant en die opbrengs van die oeste vir hierdie doel aanwend.
Sover dit onderwys betref, was daar vir jare lank nie skole vir die Duitse Immigrante kinders nie. Die geletterdheid van die immigrante het gestrek tot dit wat hulle in Duitsland in Duitse skole geleer het oor die afgelope eeu voor hul aankoms.
Ten einde die behoefte aan skoling te oorkom, is 15 kopieë van die leerboek "Sendbote" uit Amerika bestel, maar die koste was baie hoog.. Daarom is besluit om 'n biblioteek te stig en om twee derdes van die boeke in King Williamstown en een-derde in Frankfort te hou. Lede was nie toegelaat om 'n boek vir langer as 'n maand te hou nie en nie een van die twee biblioteke mag 'n boek langer as drie maande hou voordat dit roteer word nie. Die broeders Berndt, Junior, Kraemer, Langhein en Sandow het die biblioteke behartig.
Tydens hul dienstydperk het Dominee Gutsche en sy vrou besef dat iets daadwerklik gedoen moes word om die kinders van die Duitse immigrante te onderrig en het aangebied om hulle op Woensdae te King Williamstown te leer lees, skryf en rekeningkunde te doen.
Opvoeding was aangemoedig. Dit was verwag van elke lid om vrywillig een pennie per maand by te dra tot die opvoedingstaak. Sodoende is verwag om negentien pond per maand te in. Nog 'n verdere elf pond moes op 'n ander manier gevind word en hierdie gesamentlike bedrag, tesame met 'n subsidie van die staat, kon vir 'n voltydse onderwyser betaal.
'n Kerkskool word op 3 Julie 1871 te Hannover gestig met 'n leerlingtal van veertien. 'n Tweede skool word in September van dieselfde jaar in Frankfort gestig. Die bywoning by hierdie skool was egter swak omdat die ouers hul kinders tuis gehou het om op hul kleinhoewes te werk.
Gedurende Januarie 1878 word 'n kerkskool te King Williamstown gestig wat deel gevorm het van die Duits-Engelse skool wat in Queenstraat geleë was.
Gedurende Desember 1884 neem Baptiste-sendingwerk 'n aanvang by die dorpie Tsabo, naby Berlin. Mnr Carl Pape van Berlin was die pionier sendeling, bygestaan deur sy vrou, Luise.
Geld was steeds 'n groot probleem vir die Baptiste kerk, maar ten spyte hiervan het die kerk steeds gegroei.
In 1874 het Eerwaarde E P Riemer vanaf Amerika gekom om vir Ds Gutsche by te staan.
Gedurende 1878 is die kerk in twee verdeel met 219 lidmate in die Berlin gemeente en 190 lidmate in die King Williamstown gemeente.
'n Geleidelike groei het plaasgevind sodat daar in 1955 reeds elf Baptiste kerke geregistreer was by die Bond Baptisten-Gemeinden in Suid-Afrika.
In sy 77 jarige bestaan het die Duitse Baptiste sewentien kerke gebou, en het ten spyte van hul foute, teenslae en voorspoed, nogtans 'n waardevolle bydrae gelewer tot die geestelike lewe in Suid-Afrika.

Christian Freidrich Sandow kom te sterwe op 21 September 1900 te King Williamstown. Sy eggenote sterf op 11 Augustus 1898 en albei is ter ruste gelê in die King Williamstownse munisipale Kerkhof. Ten slotte kan gesê word dat die Duitse Immigrante wat in1858-1859 na Suid-Afrika gekom het, dit ten doel gehad het om Suid-Afrika hul tuiste te maak. Nie net het hulle 'n waardevolle bydrae gelewer tot die beskerming van die Oosgrens nie, maar het ook waardige burgers van die land geword. 'n Baie groot deel kan aan die Duitse element toegeskryf word in die groei en samestelling van ons Suid-Afrikaanse nasie.
Dit is wel waar dat mense van Hollandse en Engelse afkoms die groter gedeelte van die blanke bevolking uitgemaak het, maar die bydraes van die Duitsers en Franse moet gladnie veronagsaam word nie. Selfs vandag nog vind ons baie Duitse name onder ons blanke leier figure.
Dit lei geen twyfel nie dat Suid-Afrikaners van Duitse afkoms, tesame met blanke afstammelinge van Europa, Holland, Franskryk, en Engeland, die blanke volk vorm wat hulself vandag met trots Suid-Afrikaners kan noem.

Dit is die baie kortlikse verhaal van ons Duitse voorouers. Laat ons hulle op 'n waardige wyse onthou en vereer. Hulle het gedien as fondament vir die toekoms.

*Opgestel deur Fred (Frederick Carl) Sandow* - *14 Nov 1938 tot 30 Junie 2019*